

DA demands answers on stalled Heilbron Bridge Project

• Issued by Robert Ferendale – DA Councillor Ngwathe Local Municipality

The Democratic Alliance (DA) is concerned by the Ngwathe Local Municipality's failure to finalise the Multi-million Rand Bridge project linking Sandersville and S Section in Heilbron.

The Bridge project commenced early last year in Heilbron, with a scheduled completion date of September 2023. Despite numerous articles highlighting our concern about the project in our local newspaper, construction progressed for a mere two months before abruptly halting. Tragically, a 6-year-old girl lost her life after falling into one of the pillar holes during this period. Up to now, work has not recommenced, and inquiries about the project's completion date, despite prior budget allocations, remain unanswered. With the impending rainy season, it seems unlikely that any progress will occur in the next 4-5 months.

The incomplete bridge poses a serious threat, especially in light of the approaching rainy season, hindering further progress and potentially jeopardising public well-being.

We will address these concerns in the council by demanding answers on the bridge's completion date. Additionally, we strongly urge the municipality to initiate an investigation into the delayed project, seeking answers on the reasons behind the overdue timeline and the whereabouts of the funds allocated for its completion.



'n Anderster Kersfeeswens

• Sylvia Meades

Sy sit op 'n boomstomp onder 'n doringboom. Rondom haar is daar oral lewe. Daar is mossies en koringvoëltjies en vinkies in die doringboom. Die stomp waarop sy sit is besig om te verweer. Daar is miere wat in lang rye in en uit loop. Elkeen het iets in sy bek wat waarskynlik bou-materiaal vir 'n nuwe nes is.

Haar gedagtes loop ver paaie... en eindig elke keer op 'n plek waar daar nie 'n antwoord is nie. Op 18 het mens baie sulke gedagtes – só sonder 'n antwoord. Sy weet sy het matriek in die kassie; maar dit voel of haar toekomsdrome in 'n bak vol modderwater verdwyn.

Sy het nog altyd gewonder hoekom ander kinders se ouers kom kyk wanneer hulle naellope hardloop of netbal speel... maar nie haar pa nie. Dan het sy gedink dis miskien omdat haar pa lang ure werk; en te moeg is om te kom kyk. Of miskien is dit omdat haar ma dood is dat haar pa ontuis voel omdat hy nie 'n vrou het om saam te bring nie. Of miskien is dit omdat haar pa nooit self aan sport deelgeneem het nie. Dalk stel hy maar net nie belang nie. Nog gedagtes sonder antwoorde...

Maar gister het sy gevoel soos iemand wat met rolskaatse ry wanneer dit onder jou uitgly sodat jy op jou stuitjie val. Jy skrik en

kry skaam en kry seer terselfdertyd. Sy was besig om haar kamer reg te pak ná die eksamen toe haar pa ingestap het. Hy was baie bleek; en sy wou nog vra of hy sleg voel toe hy sommer net begin praat het...

Hy het uit die bloute vir haar gesê hy is nie haar biologiese pa nie! Ook dat sy nie vir hom vrae moet vra nie. Hy het geen inligting oor haar pa nie – behalwe wat sy naam en van is. Sy het in stom verbasing na hom gekyk terwyl sy probeer het om vir hom te vra wat hy bedoel. Maar daar het geen klank by haar mond uitgekome nie. Sy was nog besig om te wonder of sy hom reg verstaan het, toe hy omgedraai en uitgestap het.

Al die gedagtes oor haar ma het ook geen antwoorde nie, want sy was te klein toe haar ma dood is. Sy onthou niks van haar ma nie. En nou het die gedagtes oor haar pa ook nie antwoorde nie; behalwe dat sy nou op 'n manier kan verstaan hoekom hy nooit kom kyk het wanneer sy aan iets deelgeneem het nie. Dalk het hy gedink net regte pa's kom kyk wanneer hulle kinders aan iets deelneem.

Sy voel asof sy in 'n pikswart gat in val... en val... en val. Daar is niemand se hande wat haar val kan stop nie. Beteken dit nou dat haar ouma vir wie sy so lief is, nie haar ouma is nie? Dalk bly haar pa op 'n ander dorp; en weet hy nie eens van haar nie. Dis seker waarom hy haar nooit kom haal het nie.

Dan besef sy daar is tóg iets wat sy kan doen. Sy gaan bid vir 'n Kersgeskenk wat al haar se gedagtes sonder antwoorde kan stop. Dan bid sy: 'Jesus, U het al lankal geweet wat my pa vandag vir my sou sê. U weet waar my eie pa bly. Of miskien is hy en my ma albei dood. Maar, al is dit so, weet ek U weet gelukkig hoe hemelse tegnologie werk. Kan ek asseblief droom; en in my droom 'n foto sien van hoe hulle gelyk het? Ek weet dat, as ek in my droom 'n foto van hulle gesien het, ek hulle gesigte nooit weer sal vergeet nie. Dan het ek 'n kersgeskenk met wie ek kan praat oor my gedagtes sonder antwoorde... Dankie Jesus. Amen'.

UIT DIE PEN: Week 50 van 2023



'n U-vorm gebou met stoepe wat op die parkering uitkyk. In my droom ry ek met 'n fiets werk toe. Met my aankoms daar, sien ek vir rooikopsussie wat in een van die kamers verdwyn. Ek gooi my fiets haastig neer en hardloop met die trappe op na die kamer. Ek ruk die deur oop en sê: "Ek dog jy is dood? En nou bly jy hier." Sy sê ek moet 'n rukkie sit, sy sal nou-nou terug wees.

Ek wag tot die deur agter haar toemaak toe ek in haar bedkassie begin rondkrap. Ek kry 'n paspoort met 'n vreemde van: Pereira. Nie dat ek enigeen ken met daardie van nie. Eensklaps is ek wakker. Die nuwe van op haar paspoort pla my.

Toe ek met een van my vriende daaroor praat, draai hy nie doekies om nie. "Wat verstaan jy nie? Sy bly nou op 'n ander plek waar sy 'n nuwe naam het." Later lees ek in Openbaring 2 waar God aan die gemeente van Pergamum sê dat elkeen wat glo, 'n wit klippie sal kry met hulle nuwe naam op. Amper soos rooikopsussie se paspoort.

Van daar af het ek nie meer aanhou bid dat God vir my sussie moet liefde en groete van my af stuur nie. Sy was 39 toe sy dood is.

Toe my gryse ou pa in 2018 vir drie weke in die hospitaal beland was hy 85. Sy lyf het agteruit gegaan en hy kon later nie meer sonder hulp loop nie. Ek het elke aand, wanneer my goeie man al slaap, uit die bed geklim, op my knieë langs die bed gebid dat my ou pa weer, al is dit vir die laaste keer, kan loop.

Toe ek een aand vir hom gaan kuier, staan ek eers by sy kamerdeur en kyk na hom. Ek

hoor hom saggies prewel: "Here, laat ek net nooit my geloof verloor nie. Laat ek net nooit my geloof verloor nie."

Hy het nooit weer kon loop nie. Die oggend toe my goeie man my vertel dat my ou pa dood is, het ek gesê: uiteindelik kan hy in die hemel loop! Ek sal julle eendag van die eerste droom oor hom vertel, 'n storie vir 'n ander dag.

Verlede week droom ek dat my kleiniggie, nou 8, ontvoer word. Die skelms eis 'n deftige prys vir haar. Die familie maak geld bymekaar (basta met "ons onderhandel nie met terroriste nie"). Ons en die polisie (nogal nê?) gaan staan by die afgespreekte plek waar hulle haar gaan aflaai.

Ek weet my gryse ou pa is ook daar, maar ek sien hom nie. Toe die dogtertjie uitklim, sien ons dis nie sy nie, maar 'n agtjarige met die naam van Tshepi. Tshepi sê dadelik dat kleiniggie veilig is en vir ons wag. Die polisie gaan solank vooruit en ons bondel saam in 'n kar in. Behalwe my pa: hy hol in die straat af en skree vir die polisie: "Dankie, dankie!"

Ek kyk na hom, sy pragtige, ou dun beentjies en sy spierwit hare terwyl hy in die straat af hardloop. Ek sien hoe hy sy regterhand omhoog hou en met drie vingers dankie sê, soos wat hy altyd gedoen het. En ek weet: my ou pa kan hardloop waar hy is. Ek het gevra dat my ou pa moes kan loop. Ek het veel meer gekry.

Ons dink baie keer dat God ons van iets beroof het om ons geliefdes te laat doodgaan. Dis so finaal: jy gaan jou geliefde op aarde nooit, ooit weer sien nie,

en daar is geen manier om met hulle te kommunikeer nie. Sonder kommunikasie gaan 'n verhouding dood. Dis hoe ons aardse verhoudings werk.

Dit was 'n wonderlike bevestiging wat ek gekry het oor my rooikopsussie. Dit kan dalk vir jou 'n ander betekenis hê, maar ek weet dat sy op 'n wonderlike plek is, met 'n wit klippie waarop haar nuwe naam en van geskryf is.

Ek weet dat my gryse ou pa weer kan hardloop, nie net loop soos wat ek gebid het nie. Ek weet dat hy sy geloof tot in sy laaste minuut op aarde behou het. Ek het gehoor wat hy gebid het en ek het geweet waarin en in Wie hy glo.

Ons dink ook dat God nie ons gebede verhoor nie. Maar dis nie die waarheid nie. Hy hoor, Hy verhoor, maar dalk net nie op jou tyd en op jou manier nie.

Hierdie week se les is dat jy maar kan aanhou bid, selfs al voel jy of dit nie werk nie. As jy net iets wil prewel, is dit ook reg. Soos met 'n verhouding: kommunikasie is nodig, al erken jy net dat jy alleen tot niks in staat is nie.

Mag jy hierdie Kersfees weer die bevestiging van God se liefde ervaar. Mag jy dit uitleef na almal rondom jou. Mag jy in 2024 wonderlike gesprekke met God hê en weet: al voel Hy ver, is hy nader as jou eie vel.

Geseënde Kersfees.

Ek weet nie hoe dikwels dit met julle gebeur nie, maar nie met my nie.

Ek het al baie vertel dat my gryse ou pa en my rooikopsussie in die hemel bly. Rooikopsussie is in 2004 soontoe en gryse ou pa in 2018. Ek weet hulle is hemel toe, want ek weet hulle het in God geglo.

Ek het sedert elkeen se dood nog net een keer van hulle gedroom. Tot die ander dag toe ek vir die tweede keer van my gryse ou pa gedroom het.

Net ná rooikopsussie se dood droom ek dat by 'n plek soortgelyk aan 'n Amerikaanse motel werk: die gebou is in